POSBUS 12924, HATFIELD, 0028 http://transvaal.staties.co.za

BEMARKINGSPLAN 2007

1 INLEIDING

Transvaal Staatmakers is gereed om die lig in te gaan en ‘n verskil te maak. Saam bou ons aan ‘n beter toekoms, vir Staatmakers, Die Voortrekkers, die Afrikanervolk en die wonderlike land waarin ons bly.

In hierdie dokument word daar duidelike doelwitte gestel vir die algemene bemarking van Transvaal Staatmakers. Die missie van die Staatmakers speel ‘n groot rol, vir die definiëring van ons teikenmark maar ook vir die formulering van al ons doelwitte.

Om te bepaal waarheen ons wil gaan is dit belangrik om te weet waar ons is. Daarom kyk ons na die huidige situasie van Transvaal Staatmakers en die teikenmark wat ons gaan probeer ontgin. Ons identifiseer ons swakpunte en die bedreigings wat ‘n impak op Transvaal Staatmakers het, maar kyk ook na ons sterkpunte en geleenthede wat ons kan benut.

Ons formuleer ‘n spesifieke strategie en stel doelwitte om dit te implementeer. Aksieplanne is die medium waardeur ons ons doelwitte gaan bereik. ‘n Spesifieke begroting word gekoppel aan elke doelwit en aksieplan, om sodoende vermorsing te voorkom.

Om te verseker dat die aksieplanne tot uitvoering kom en dat die begroting effektief bestuur word, is ‘n verantwoordelike persoon aan elke aksieplan toegewys.

2 DOEL EN MISSIE

2.1 DOEL VAN DIE BEMARKINGSPLAN

Die bemarkingsplan van die Transvaal Staatmakers vir 2007 het ten doel om die planne uit een te sit vir die daadwerklike bemarking van Staatmakers binne en buite Die Voortrekkers in Transvaal.

Die Staatmakers in Transvaal beoog om 20% van alle huidige graad 12 Verkenners te behou as Voortrekkers.

Die Staatmakers se sigbaarheid binne Die Voortrekkers moet verhoog word.

2.2 MISSIE

Die missie van die Staatmakers is:

a) Om Staatmakers op te lei tot effektiewe offisiere;
b) Om 'n ABC[1] omgewing te skep waar binne Staatmakers hulle self kan uitleef;
c) Om Staatmakers te mobiliseer om diens te lewer, binne en buite Die Voortrekkers; en
d) Om Staatmakers te ontwikkel tot Afrikaner kultuurleiers.

3 SITUASIE ANALISE

3.1 HUIDIGE SITUASIE

Daar is tans 206 geregistreerde Staatmakers in Transvaal. Hierdie Staatmakers funksioneer in 16 aktiewe Staatmakergroepe. Daar is enkele Staatmakers geregistreer in kommando's waar daar nie 'n aktiewe Staatmakergroep is nie. Van hierdie lede funksioneer as skakellede by aktiewe groepe.

Die Staatmakers lewer aan hul lede twee basiese dienste, naamlik:

a) Ontwikkeling; en
b) 'n ABC omgewing.

Die Staatmakers bied aan hul lede ontwikkeling op twee vlakke: persoonlike ontwikkeling en vaardigheidsontwikkeling. Dit bied aan die Staatmaker die geleentheid om beter insigte te ontwikkel. Ons lei Staatmakers op in verskeie aspekte van projekbestuur. Die

[1] Die ABC van Die Voortrekkers is: Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap

Staatmakers bied aan alle lede die geleentheid om hul persoonlike- en professionele vaardighede te ontwikkel. Hierdie vaardighede kan met groot sukses in alle aspekte van die Staatmaker se persoonlike en professionele lewe toegepas word.

Die Staatmakers skep vir al hul lede ‘n veilige ABC omgewing. Hierdie omgewing bied ‘n veilige ontwikkelingsarena, waar ondersteuning en motivering vir elke Staatmaker gegee word. Dit gee vir hulle die geleentheid om aan ‘n uitsonderlike groep mense te behoort. Elke Staatmaker is deel van ‘n huisgesin binne die groter Voortrekker familie.

Die ledegeld om as lid van Transvaal Staatmakers te registreer vir 2007 is slegs R220. Elke geregistreerde Staatmaker is geregtig tot die basiese dienste wat Die Voortrekkers bied. Daar word jaarliks verskeie opleidingskampe aangebied, waar Staatmakers opleiding kan ontvang. Hierdie opleiding is deel van elke Staatmaker se loopbaanplan. Hierdie opleidingskampe word aangebied teen ‘n minimale fooi.

3.2 HUIDIGE TEIKENMARK

Die teikenmark vir Staatmakers is nie ‘n baie gediversifiseerde groep in die gemeenskap nie. Dit is baie meer spesifiek met betrekking tot ‘n persoon se volk (wat dinge soos taal, kultuur en geloof insluit), ouderdom en huisgesin. Om die teikenmark vir die Staatmakers te bepaal kyk ons na die wese van Die Voortrekkers. Die wese lui as volg:

> Die Voortrekkers is ‘n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk, in besonder sy jeug, gerig deur ‘n Bybels- Christelike lewens en wêreldbeskouing tot ‘n lewenswyse van eer aan God, en diens aan volk, land en medemens.

Uit die wese kan ons aflei dat Die Voortrekkers hulle beywer vir Afrikaners maar meer spesifiek die jeug van die Afrikanervolk. Dit sluit in die naskoolse jeug. Naskoolse jeug kan gedefinieer word as persone, wat nie meer skoolgaande is nie, tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar.

In Voortrekker literatuur word ‘n Staatmaker as volg gedefinieer:

> ‘n Staatmaker is enige naskoolse persoon wat geregistreer is as ‘n volwasse lid van Die Voortrekkers, tussen die ouderdomme van 18 en 35 jaar, sonder skoolgaande

kinders.

Hieruit volg dat die teikenmark vir die Staatmakers ‘n persoon is wat:

(a) behoort aan die Afrikanervolk;
(b) nie meer skoolgaande is nie;
(c) tussen die ouderdomme van 18 en 35 is; en
(d) nie skoolgaande kinders het nie.

Om die behoeftes van hierdie groep te bepaal, identifiseer ons die verskillende individue waaruit hierdie groep bestaan. Hierdie groep bestaan onderskeidelik uit studente en werkende persone. Hulle is enkellopend en daar is die wat in verhoudings is of selfs getroud is. Daar is ook diegene wat voorskoolse kinders het. Hierdie groep bestaan uit mense wat tersiêre opleiding ontvang het sowel as mense met sekondêre opleiding. Elke subgroep hier genoem het unieke behoeftes. Daar is ook verskeie behoeftes wat by hierdie subgroepe oorvleuel.

Behoeftes van die Teikenmark

Hierdie behoeftes kan beskryf word as die behoefte om te assosieer met ‘n groep, om te sosialiseer, om persoonlik te groei en om nuwe vaardighede aan te leer.

In Suid-Afrika is Die Voortrekkers die enigste organisasie wat gespesialiseerde aktiwiteite aanbied vir naskoolse jeug met die fokus op Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap. Daar is verskeie organisasies op kampusse van universiteite wat studente die geleentheid gee om te assosieer met en te sosialiseer in ‘n groep. Dis hier waar die grootste kompetisie lê: baie Afrikaanse studente kies om eerder na ‘n koshuis te gaan of aan te sluit by ‘n daghuis as om ‘n Staatmaker te word.

Die werkende persoon begin met ‘n loopbaan en sukkel om genoeg tyd af te knyp om aktiwiteite en funksies by te woon. Daar is ook redelike finansiële druk op hierdie persoon. Meestal kies hulle om nie aan te gaan met Voortrekkers nie tot tyd en wyl hulle op hulle voete gekom het.

Meeste van die verkenners wat Staatmakers word doen dit omdat dat vir hulle die logiese volgende trappie is. Dit is egter net ‘n baie klein persentasie van verkenners. Jaarliks sal daar dalk een of twee nuwe Staatmakers gewerf word wat nog nooit ‘n Voortrekker was

nie. Die grootste rede hiervoor is verhoudings en vriendskappe. ‘n Bestaande Staatmaker sal sy meisie of vriend saamsleep na ‘n aktiwiteit.

Die potensiële grootte van die mark wat die Staatmakers kan ontgin is 5% van alle Afrikaanssprekende studente, dit is in lyn met die grootte mark wat deur Die Voortrekkers op skole geneem word. Dis ‘n beraamde 1800 Staatmakers. Daar is tans slegs 206 geregistreerde Staatmakers, dit is slegs 11.4% van die potensiële mark. Transvaal Staatmakers kan binne die volgende 18 maande tot 50% groei.

3.3 SWOT ANALISE VAN DIE HUIDIGE SITUASIE

3.3.1 Sterkpunte

- Sterk kultuurleiers kom na vore;
- Staatmakers is baie entoesiasties en neem inisiatief;
- Staatmakers bied geleenthede om ondervinding op te doen op verskeie terreine, byvoorbeeld: Leierskap, Administrasie, Projekbestuur, hantering van kinders, ens.
- Daar bestaan ‘n goeie ondersteuningsnetwerk;
- Staatmakers is intens betrokke op alle vlakke binne Die Voortrekkers;
- Staatmakers word ontwikkel tot effektiewe offisiere.

3.3.2 Swakpunte

- Hiërargiese struktuur wat vinnige besluitneming bemoeilik;
- Kort termyne vir leiersposisies;
- Staatmakergroepe is baie wyd versprei in Transvaal, dit bemoeilik byeenkomste tussen groepe;
- Groepe met min lede (minder as 15) sukkel om effektief te funksioneer;
- Staatmakers wat geregistreer is by kommando’s wat nie ‘n Staatmakergroep het nie;
- Staatmakers beskik nie oor genoeg lede om al ons geleenthede te benut nie;
- Die verhouding van geregistreerde Staatmakers tot aktiewe Staatmakers is nie gewens nie.

3.3.3 Geleenthede

- Ongetapte mark met baie groei potensiaal;
- Die Voortrekkers is die enigste Afrikaanse Kultuur organisasie wat voorsiening maak vir naskoolse jeug;

- Om verkeerde persepsies aangaande die Staatmakers te verander deur meer sigbaar op te tree in Die Voortrekkers;
- Baie kommando's wil graag Staatmakers gebruik om aktiwiteite aan te bied;

3.3.4 Bedreigings

- Foutiewe persepsies oor die Staatmakers;
- Koshuise en organisasies op kampusse;
- Die ongewenste politieke beeld van Die Voortrekkers;

4 BEMARKINGSTRATEGIE EN -DOELWITTE

4.1 BEMARKINGSTRATEGIE

Ons bemarkingstrategie vir 2007 is om Staatmakers aan alle verkenners bekend te stel. Om vir hulle te wys wie ons is en wat ons doen en sodoende hulle te motiveer om as Staatmakers aan te gaan met Voortrekkers.

4.2 BEMARKINGSDOELWITTE

- Om ten minste 20% van Gr 12 verkenners te behou as Staatmakers;
- Om die StatieSkinner te publiseer en te versprei reg deur Die Voortrekkers;
- Om 'n bemarkings CD saam te stel en te versprei aan Gr 12 verkenners;
- Om 'n gespesialiseerde kommunikasieplan te ontwikkel en te implementeer;
- Om 'n professionele Staatmaker webblad te ontwikkel en in stand te hou;
- Om 'n Staatmaker vereniging by die Universiteit van Pretoria te vestig;

5 BEMARKINGSAKSIEPLANNE EN –TYDLYNE

5.1 BEHOUD VAN GR 12 VERKENNERS

- Om 'n Staatmaker bemarkings CD aan elke Gr 12 verkenner in Transvaal te gee voor die aanvang van die rekordeksamens.
- Om 'n Staatmaker inligtingstuk aan al die Gr 12 verkenners te gee tydens al die verkenner gebiedskampe deur die loop van 2007.
- Dat elke Staatmakergroep die Gr 12 verkenners van hulle oord uitnooi na ten minste een aktiwiteit wat hulle aanbied.

5.2 PUBLISERING VAN DIE STATIESKINNER

- Om die StatieSkinner kwartaalliks saam te stel.
- Om die StatieSkinner elektronies aan elke Staatmaker op die poslys te stuur.
- Om ten minste een kleur gedrukte afskrif aan elke Staatmakergroep te gee.
- Om die StatieSkinner te publiseer op Transvaal Staatmakers se webblad.
- Om ‘n kleur gedrukte afskrif aan elke lid van die Gebiedsbestuur uit te deel tydens elke Gebiedsbestuursvergadering.

5.3 SAMESTELLING EN VERSPREIDING VAN DIE BEMARKINGS CD

- Om ‘n finale weergawe van die Bemarkings-CD beskikbaar te stel teen Interstatie 2007 vir goedkeuring.
- Om ‘n Bemarkings-CD te sny en te versprei aan elke geregistreerde Gr 12 verkenner in Transvaal teen 31 Augustus 2007.

5.4 ONTWIKKELING EN IMPLEMENTERING VAN DIE KOMMUNIKASIEPLAN

- Om ‘n kommunikasie handleiding saam te stel voor 28 Februarie 2007.
- Om die kommunikasie handleiding aan elke groep te stuur voor 31 Maart 2007.
- Om Staatmakers maandeliks Staatmaker-relevante inligting te stuur deur middel van SMS’e.

5.5 ONTWIKKELING EN INSTANDHOUDING VAN DIE WEBBLAD

- Om ‘n nuwe Transvaal Staatmaker webblad te bou binne die standaard formaat voor 23 Februarie 2007.
- Om die webblad ten minste een maal per maand op te dateer of soos inligting beskikbaar raak.

5.6 VESTIGING VAN DIE STAATMAKER VERENIGING

- Om die vereniging te stig voor 28 Februarie 2007.
- Om ‘n uitvoerende komitee saam te stel teen tye van die stigting.

- Om deel te neem aan Ienkmelodienk, JOOL, Serrie en Ienkkonsert.
- Om ten minste twee sosiale aktiwiteite te reël met die doel om studente as Staatmakers te werf.
- Om ten minste een fondsinsamelingsaksie te loods gedurende 2007.

6 BEGROTING

Die begroting is saamgestel om alle aktiwiteite en doelwitte soos omskryf in afdeling 5 te finansier.

Die begroting is aangeheg as ‘n aanhangsel.

7 PRESTASIE BESKRYWING

Ons beoog dat ons al die aksieplanne, soos in afdeling 5 beskryf, suksesvol kan implementeer en afhandel. Die tabel hieronder beskryf die voorsiende uitgawes en die maand waarin dit sal geskied.

Maand	**Bedrag**
Januarie	R 7 835.00
Februarie	R 5 035.00
Maart	R 400.00
April	R 8 535.00
Mei	R 1 535.00
Junie	R 360.00
Julie	R 1 904.20
Augustus	R 35.00
September	R 360.00
Oktober	R 1 035.00
November	R 35.00
Desember	R 35.00
Totaal	**R 27 104.20**

8 TOEKENNING VAN VERANTWOORDELIKHEDE

Behoud van die Gr 12 Verkenners: Gerard de Kamper
(Voorsitter van die Spesiale Projekte Komitee)

Publisering van die StatieSkinner: Magda de Jager
(Redakteur van die StatieSkinner)

Bemarkings-CD:	Gerard de Kamper (Voorsitter van die Spesiale Projekte Komitee)
Kommunikasieplan:	Gerard de Kamper (Voorsitter van die Spesiale Projekte Komitee)
Webblad:	Johannes van Deventer (Webmeester)
Staatmaker Vereniging:	Gerard de Kamper (Voorsitter van die Spesiale Projekte Komitee)

9 SLOT

Hierdie bemakingsplan van Transvaal Staatmakers gee ‘n duidelike oorsig van wat ons beplan vir 2007. Van ons missie, doelwitte en aksieplanne tot die begroting en verdeling van verantwoordelikhede. Ons bied ‘n volledige verduideliking vir ons aksies en die begroting wat ingedien is.

Die behoud van Gr 12 verkenners is vir ons baie belangrik. Die StatieSkinner, kommunikasieplan en webblad is die mediums waardeur ons kommunikeer en mekaar op hoogte hou van al ons doen en late. Die Staatmaker vereniging by die Universiteit van Pretoria is ons grootste poging ooit om splinternuwe Staatmakers te werf.

Transvaal Staatmakers is positief en opgewonde oor 2007 en oor al die geleenthede wat die nuwe jaar ons bied.

Ons dink groot! Ons droom groot! Ons doen groot!

AANHANGSEL A – BEGROTING

BESKRYWING	Verwysing*	Begroting**	TOTAAL	
Bemarkings Materiaal	5.1	Bemarking	R	4 000.00
StatieSkinner	5.2	Staatmaker	R	975.00
Bemarkings CD	5.3	Bemarking	R	869.20
Kommunikasie Plan 20-7	5.4	Staatmaker	R	460.00
Staatmaker Webblad	5.5	-	R	-
Ienkmelodienk	5.6	Staatmaker	R	1 800.00
Serrie	5.6	Staatmaker	R	7 500.00
Ienk Konsert	5.6	Staatmaker	R	1 500.00
JOOL Vlot	5.6	Bemarking	R	10 000.00
TOTAAL				**R 27 104.20**

Totaal Bemarking** **R 14 869.20**
Totaal Staatmaker** **R 12 235.00**

*Verwysing:

Dit verwys na die afdeling in die Staatmaker Bemarkingsplan

**Begroting:

Bemarking: Die Staatmakers se gedeelte van die Bemarkingskomitee se begroting

Staatmaker: Fondse beskikbaar as deel van die Gebiedskomitee: Staatmakers se begroting